VETERINÊRE MEDISYNE SKEDULERINGSTATUS

S4

EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM

COLVASONE INSPUITING

SAMESTELLING
Elke 1,0 mℓ oplossing bevat:
Deksametasoon natriumfosfaat 2 mg
Preserveermiddel:
Bensielalkohol 2 % *m/v*

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE
C 3.1.1 Steroïede

FARMAKOLOGIESE WERKING
Deksametasoon is 'n kortikosteroïed met anti-inflammatoriese en glukogeniese eienskappe, en min mineralokortikoïed aktiwiteit. Kortikosteroïede beïnvloed proteien-, koolhidraat- en vetmetabolisme, elektroliet- en waterbalans asook die funksionele vermoëns van die kardiovaskulêre sisteem, die niere en skeletspiere, die senuweestelsel en ander organe en weefsels.

Teiken Spesies
Perde, beeste, kalwers, varke, skape, bokke, honde en katte.

INDIKASIES
Deksametasoon is 'n sintetiese kortikosteroïed met 'n baie kragtige anti-inflammatoriese werking.

Colvasone Inspuiting kan gebruik word vir:
1) Intraveneuse behandeling in gevalle waar noodbehandeling aangedui word, veral tydens skok en sirkulatoriese ineenstorting,
   "fog fever" (akute pulmonêre edeem en emfiseem by beeste), akute mastitis en brandwonde.
2) Asetonemie (ketose) by beeste. Colvasone Inspuiting het 'n beduidende glukoneogeniese werking.
3) Inflammatoriese toestande by alle spesies:
   Colvasone Inspuiting onderdruk inflammasie en word aangedui vir die behandeling van artritis, laminitis, dermatitis, ens.

KONTRAÏNDIKASIES
Sistemiese kortikosteroïed behandeling word gewoonlik teenaangedui by pasiënte met niersiektes, diabetes mellitus, en kongestiewe hartversaking en veralgemene beensiektes (osteoporose).

Die gebruik van kortikosteroïde by dragtige diere word nie aanbeveel nie. Dit is bekend dat toediening van kortikosteroïde in die vroeë stadiums van dragtigheid fetale abnormaliteite by diere kan veroorsaak, terwyl toediening gedurende laat dragtigheid tot vroegtydige geboorte of aborsie kan lei.

Kortikosteroïede kan wondgenesing vertraag en die immuunonderdrukkende werking kan die weerstand teen infeksies verswak of bestaande infeksies vererger. In die teenwoordigheid van 'n bakteriële infeksie word antibiotiese behandeling gewoonlik benodig tydens steroïedbehandeling, terwyl steroïede in die teenwoordigheid van virale infeksies die siektetoestand kan vererger of die vordering daarvan kan versnel.

Gastro-intestinale ulserasie is gerapporteer by diere wat met kortikosteroïede behandel is. Dit kan vererger word deur steroïede by pasiënte wat nie-steroïedale anti-inflammatoriese middels ontvang, asook by diere met rugmurgtrauma wat kortikosteroïedbehandeling ontvang.

Die gebruik van hierdie produk by perde kan aanleiding gee tot laminitis en die diere moet dus tydens behandeling noukeuring geobserveer word.

Gedurende die verloop van behandeling moet die toestand gereeld deur 'n veearts gemonitor word.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS
Wondgenesing mag vertraag word.

Staking van behandeling word aanbeveel na afloop van 'n langdurige behandelingskursus.

Toediening gedurende die laaste stadiums van dragtigheid in beeste en skape kan voortydige geboorte veroorsaak. Fetale abnormaliteite is by knaagdiere, konyne en honde waargeneem, ver as die geneesmiddel tydens die vroeë stadiums van dragtigheid toegedien is.

Na toediening van Colvasone Inspuiting hou die kortikosteroïed-aktiwiteit tot 12 uur aan.

Onttrekkingsperiode:
Vleis:
Beeste, varke, skape en bokke mag nie tydens behandeling vir menslike verbruik geslag word nie. Beeste, varke, skape en bokke mag eers 21 dae na die laaste behandeling vir menslike verbruik geslag word.

Melk:
Melk vir menslike verbruik mag nie tydens behandeling geneem word nie. Melk vir menslike verbruik mag eers 72 uur na die laaste behandeling van behandelde beeste, skape en bokke geneem word.

Nie vir gebruik in perde bestem vir slag vir menslike verbruik nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS
Toediening geskied binneaars of binnespiers.

Normale aseptiese voorsorgmaatreëls moet nagekom word.

Perde en beeste:	5 tot 20 mℓ
Kalwers, varke, skape en bokke:	1 tot 5 mℓ
Honde:	0,25 tot 2 mℓ
Katte:	0,25 tot 0,5 mℓ

byvoorbeeld:

Perd	500 kg	10 tot 20 mℓ
Koei	400 kg	10 tot 16 mℓ
Skaap	50 kg	2 mℓ
Vark	50 kg	2 mℓ
Hond	10 kg	0,5 to 1 mℓ
Kat	5 kg	0,25 tot 0,5 mℓ

NEWE-EFFEKTE
Anti-inflammatoriese kortikosteroïede, soos deksametasoon, is bekend daarvoor dat dit 'n wye reeks newe-effekte veroorsaak. Alhoewel enkele hoë dosisse gewoonlik goed verdra word, kan dit ernstige newe-effekte veroorsaak tydens langtermyngebruik en wanneer steroïede met 'n lang werkingsduur toegedien word. Die dosis gedurende medium- tot langtermynbehandeling behoort oor die algemeen beperk te word tot die minimm wat nodig is om simptome te beheer.

Steroïede kan op hulle eie gedurende behandeling, "Cushingssiekte tipe" simptome veroorsaak wat beduidende verandering in vet-, koolhidraat-, proteïen- en mineraalmetabolisme behels, byvoorbeeld voorkoming van herverspreiding van liggaamsvet, spierswakheid en spieratrofie en osteoporose kan ontstaan. Gedurende terapie onderdruk effektiewe dosisse die hipotalamus-pituïtêre-adrenale as (HPA-as). Na die staking van behandeling kan simptome van bynier-insuffisiëntie tot bynierskorsatrofie kan strek, ontstaan kan die dier onvermoënd maak om stres situasies voldoende te hanteer. Oorweging moet derhalwe geskenk word aan maniere om probleme met bynier-insuffisiëntie na die staking van behandeling te minimaliseer, byvoorbeeld deur 'n geleidelike vermindering van die dosis.

Sistemies-werkende kortikosteroïede kan aanleiding gee tot poliurie, polidipsie en polifagie, veral gedurende die vroeë stadiums van terapie. Sommige kortikosteroïede kan tydens langtermyngebruik aanleiding gee tot natrium- en waterretensie asook hipokalemie. Sistemiese kortikosteroïede kan kalsiumneerlegging in die vel (*Calsinosis cutis*) veroorsaak.

Steroïede kan vergroting van die lewer (hepatomegalie) met 'n toename in serum-lewerensieme veroorsaak.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN
Geen.

IDENTIFIKASIE
Steriele oplossing in glasflessie.

AANBIEDING
Helder/amberkleurige 50 mℓ glasflessie met bromobutielrubberprop en 'n aluminium seël.

BERGINGSAANWYSINGS
HOU BUITE DIE BEREIK VAN KINDERS EN ONINGELIGTE PERSONE.
Bewaar teen of benede 25 °C.

REGISTRASIENOMMER
83/43 (Wet 101 van 1965).

Uitvoerlande:
Botswana: POM BV2100105
Namibië: NS2 V10/3.1.1/1176

REGISTRASIEHOUER
KYRON ANIMAL HEALTH (EDMS) BPK
Eenheid 45A, 45 Parkview Straat,
Highway Business Park,
Rooihuiskraal Uitbr. 31,
Centurion, 0157, Suid-Afrika.
Tel: 010 880 0778

KYRON

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET
13 November 2003